


# PROSPEKTUS

LAERSKOOL
RANDHART

# INLEIDING

## Doel van die skool

Laerskool Randhart het die ontwikkeling van die totale leerder op alle lewensterreine o.a. die sedelike, verstandelike, estetiese, sosiale en fisiese ten doel.

## Ontstaan

Op 8 Januarie 1973 is die Randhart Primêre Skool nie-amptelik in gebruik geneem. Op 22 Februarie 1974 is die amptelike ingebruikneming van die skool deur dr. A. L. Kotzé, die destydse Direkteur van Onderwys, Transvaal, waargeneem.

## Skoolwapen en leuse

Die wapen stel die kind se skoolloopbaan met die waardes wat ons onderskryf voor. Die rooi kol stel die kind as middelpunt van die skool voor. Die blou band stel die kind se lewensbaan voor, vanwaar die kind uit die samelewing die laerskool betree, groei en dan weer die skool verlaat. Die sirkel stel die sewe jaar voor waarbinne die kind deur die skool omvou en in totaliteit onderrig word. Die drie punte stel die kernwaardes van die skool voor nl. voortreflikheid, toegewydheid en verdraagsaamheid – dit kry gestalte in die leuse “Ons Glo” waardeur die kind uiting kan gee aan die totaliteit van die waardes waarin hy/sy glo en wat deur die skool onderskryf word. Soos met enige simbool is die interpretasie nie staties nie en kan bykomende simboliek daarin gevind word.

## Visie

Totaliteitsopvoeding waar elke individu se potensiaal optimaal ontwikkel word.



Ons leuse, **ONS GLO**, kry gestalte in dít wat ons glo vir die leerders waardevol en kosbaar is.

**Ons glo** dat ons met totaliteits-opvoeding leerders bemagtig om op akademiese, sport en kulturele gebied uit te styg. Daarvan getuig die vele individuele asook spanprestasies wat leerders behaal op plaaslike sowel as Super 12-vlak.

**Ons glo** dat kommunikasie, asook wedersydse respek en agting tussen ouers, opvoeders en leerders gesonde verhoudings in stand hou.

**Ons glo** dat elke kind die vryheid van keuse het en dat hulle aan soveel as moontlik geleenthede blootgestel moet word om te groei en ontwikkel binne ŉ waardesisteem van voortreflikheid, toegewydheid en verdraagsaamheid.

**Ons glo** dat met die plaas van ŉ hoë premie op dissipline, ons leerders van gehalte lewer wat hulle in staat stel om die toekoms met oorgawe tegemoet te gaan.

**Ons glo** dat Laerskool Randhart oor die infrastruktuur en tegnologie beskik om steeds die toonaangewende en mededingende skool te bly wat dit tans is. Voortgesette vernuwing kweek toegeruste leerders.

**ONS GLO – elke dag is ŉ nuwe begin!**

# INHOUD


Toelating 4

Akademie 5

Sport 7

Kultuur 9

Terrein fasiliteite en dienste 11

Skoolreëls 13

Beheerliggaam 21

# TOELATING

## Vereistes

- Enige leerder wat bereid is om onderrig te word in Afrikaans as taal van onderrig en leer word tot die skool toegelaat.
- Die karakter en waardes van die skool moet uitgeleef word.
- Daar moet aktief en gebalanseerd aan die skoolbedrywighede deelgeneem word.
- Skooleiendom, toerusting en boeke moet met groot sorg hanteer en opgepas word.
- Die dissiplinêre- en gedragskode asook ander beleide wat van toepassing is op die skool asook buitemuurse bedrywighede moet onderskryf word.
- Die ouderdom van die leerder mag nie meer as drie ouderdomsjare van die gemiddelde graadouderdom afwyk nie.
- Voorgeskrewe skoolgelde moet stiptelik betaal word.
- Registrasie by toelating en herregistrasie vir elke daaropvolgende skooljaar is verpligtend vir alle leerders.
- ’n Gesertifiseerde afskrif van ’n leerder se geboortesertifikaat en kliniekkaart moet tydens registrasie ingehandig word.

## Skoolpligtigheid

’n Leerder is skoolpligtig die jaar waarin hy/sy sewe word. Leerders wat voor einde Junie ses (6) word, word ook toegelaat.

# AKADEMIE

Die kurrikulum soos deur die Departement van Onderwys vasgestel, word geïmplementeer. Dit impliseer ook dat assessering deurlopend geskied, sodat leerders se vordering gemonitor kan word, probleme vroegtydig geïdentifiseer kan word en hulpverlening kan plaasvind.

## Grondslagfase

Graad 1 – 3 staan bekend as die grondslagfase. In hierdie fase is die vaslegging van basiese vaardighede van kardinale belang. Leerders word onderrig in die vier vakke nl. Wiskunde, Afrikaans Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal en Lewensvaardighede.
Vroeg in die tweede kwartaal word 'n ekspo vir die nuwe graad 1-leerders gehou. Die ouers en voornemende leerders kry die geleentheid om die skool te besoek. 'n Oriënteringsdag word ook gedurende die vierde kwartaal gehou en voornemende graad eentjies is gewoonlik baie gretig om na dié lekker dag "groot" skool toe te kom.

## Intermediêre fase

Graad 4 – 6 staan bekend as die intermediêre fase. Leerders word onderrig in ses vakke nl. Wiskunde, Afrikaans Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe en Tegnologie asook Lewensvaardighede.

## Seniorfase

Graad 7 staan bekend as die seniorfase. Leerders word onderrig in nege vakke nl. Wiskunde, Afrikaans Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Lewensoriëntering, Skeppende Kunste asook Tegnologie.

## Vorderingsverslae

Leerders ontvang 'n vorderingsverslag op die laaste dag van elke kwartaal.

## Akademiese toppresteerders

Die top vyf leerders in elke klas, sowel as die top 10 in elke graad word op die laaste dag van elke kwartaal aangekondig.

## Oueraande

Oueraande vind aan die begin van elke skoolkwartaal plaas.

## Liggaamlike Opvoeding

Daar word voorsiening op die rooster gemaak vir een LO-periode per week vir alle graad 1 tot 7-klasse. Hierdie periode vorm deel van die vak Lewensvaardighede (graad 1 tot 6) en Lewensoriëntering (graad 7) en het ten doel om leerders se perseptuele-, motoriese- en fisieke vaardighede te ontwikkel. Aangesien hierdie periode kurrikulumverwant is, word dit ook kwartaalliks formeel geassesseer. 'n Onderwyser, wat spesifiek vir hierdie taak aangestel is, behartig die LO-periodes.

## Rekenaarsentrum

Alle leerders van graad 1 – 7 besoek die sentrum een keer per week as deel van hul akademiese onderrig. In Januarie 2017 is 'n opgegradeerde rekenaarsentrum in gebruik geneem en 'n nuwe Inligtingstegnologie-kurrikulum is ontwikkel om ons leerders voor te berei op die vereistes m.b.t. hoërskoolvakkeuses asook die wêreld daar buite.

# AKADEMIE

## Mediasentrum

Ons mediasentrum, wat toegerus is met die nuutste hulpmiddels, voorsien in alle mediabehoeftes van die leerders sowel as die onderwysers. Die sentrum word voltyds bestuur.

## Entrepreneursdae

Leerders in graad 7 kry gedurende die jaar die geleentheid om hulle entrepreneursvaardighede te ontwikkel deur deel te neem aan 'n entrepreneursgeleentheid. Hierdie dag vorm deel van die EBW-kurrikulum.

## Breinboelies Verrykingsentrum

By Laerskool Randhart streef ons na akademiese uitnemendheid en om lewenslange leerders te kweek. Ons glo aan gedifferensieerde ontwikkeling van elke leerder, sodat hulle tot hul volle potensiaal kan ontwikkel. Alle leerders van graad 3 – 7 is welkom en tydens die klasse word hulle blootgestel aan meer as net dit wat die onderrig- en leersituasie in die klaskamer bied. Leerders word gedurende die tweede kwartaal uitgenooi om die verrykingsentrum by te woon op Dinsdagaande tussen 17:30 en 18:30.

Die verrykingsentrumklasse word deur kenners aangebied en vakke soos Fisiologie, Plantkunde, Chemie, Geografie, Lugvaart, ens. vorm deel van die kurrikulum.

## Interne ondersteuningsdienste

Ons interne ondersteuningsdienste sluit 'n span uiters professionele terapeute en kundiges in om leerders, sowel as hul onderwysers by te staan indien probleme ontstaan. Leerders kan gedurende skoolure van raad en hulp bedien word deur die volgende spesialiste:

- Spraakterapeute
- Arbeidsterapeut
- Disleksie-spesialis
- Remediërende onderwys
- Beraders
- Leessentrum

# SPORT

Laerskool Randhart is in die bevoorregte posisie om jaarliks aan die Super 12-kompetisie deel te neem. Die 24 beste skole in Gauteng, Mpumalanga, Noordwes en Limpopo neem aan hierdie gewilde reeks deel. Die volgende sportsoorte word aan hierdie strawwe kompetisie blootgestel nl. rugby, netbal, tennis, hokkie, landloop, krieket, atletiek, skaak en gholf.

Ons skool beskik oor ’n voltydse sportbestuurder.

## Atletiek

Ons atletiekbaan beskik oor al die nodige fasiliteite. ’n Massabyeenkoms word gedurende die vierde kwartaal gehou waar alle leerders die geleentheid kry om deel te neem. ’n Interhuis vind in Januarie plaas waar die skoolspan gefinaliseer word. Byeenkomste word gedurende die eerste en vierde kwartaal aangebied. Die Super 12-byeenkoms vind ook in die vierde kwartaal plaas. Randhart is reeds vir jare die toonaangewende atletiekskool in Alberton, Germiston en Boksburg.

## Landloop

Die landloopseisoen strek vanaf Julie tot September. Hier word massadeelname ook bevorder. Leerders ding mee in ligabyeenkomste en Super 12 vanaf o.9 tot o.13 met afstande wat wissel van twee tot vier kilometer. Atlete neem tot op nasionale vlak deel.

## Netbal

Die skool beskik oor vyf weervaste netbalbane. Netbal word gedurende die tweede kwartaal aangebied. Netbal word vanaf o.7 aangebied vir alle belangstellende dogters. Vanaf o.10 neem spanne aan ligawedstryde deel. A-, B- en C-spanne word in elke ouderdomsgroep gekies en in sommige ouderdomsgroepe ook D-spanne. A-spanne neem aan die Super 12-toernooi deel en B- en C-spanne aan ’n Super 12-dag.

## Krieket

Die skool beskik oor twee turfkrieketblaaie en ses oefennette. Krieketontwikkeling begin reeds van o.8 af. Van o.9A tot die eerste span neem aan ligabepalings deel. Suid-Oosrand o.9 tot o.13-spanne word jaarliks verkies om aan die streekstoernooie deel te neem. Tydens hierdie toernooie kom seuns vanaf o.11 tot o.13 in aanmerking vir die oostelike spanne.
Dogterskrieket word ook sedert 2023 beoefen.

## Tennis

Jaarliks word verskeie seuns- en dogterstennisspanne in verskillende ligas ingeskryf. ’n Gekontrakteerde deeltydse koördineerder of afrigter sien om na die totale tennisprogram by die skool. Die skool word op Super 12-vlak verteenwoordig deur ’n seuns- en dogterspan wat dwarsdeur die jaar op ’n weeklikse basis oefen en vriendskaplike wedstryde speel. Spelers word in spanverband aan naweektoernooie blootgestel.

## Rugby

By Laerskool Randhart beskik ons oor twee rugbyvelde met ruim paviljoene. Rugby word vanaf o.7 beoefen. Daar is tans tien spanne wat geaffilieer is en aan ligawedstryde deelneem. Die o.7-seuns word in die tweede en derde kwartaal betrek by mini-wedstryde en vaardigheidsoefening, terwyl die o.8-seuns reeds aan vyftienmanrugby blootgestel word. Gedurende die Maart/Aprilvakansie toer die o.9 tot o.13-spanne. Slegs o.9 tot o.13A-spanne neem aan die Super 12-reeks deel en die B-spanne aan ‘n Super 12-dag. Die o.12 en o.13-seuns kan in provinsiale spanne opgeneem word.

## Hokkie

Hokkie word aangebied vir o.7 tot o.13-dogters gedurende die derde kwartaal. Hulle neem deel aan die Oos-Gautengliga. Graad 4 tot 7-seuns speel ook in die hokkieliga. Die o.13-seuns- en dogterspanne neem aan die Super 12-toernooi deel.

# SPORT

## Hengel
Hengel word aangebied en spanne verteenwoordig die skool in ligabyeenkomste. Hengelaars kan tot op nasionale vlak deelneem.

## Gholf, ruiters en swem
Bogenoemde is erkende sportsoorte wat privaat hanteer word.

## Massadeelname
’n Massageleentheid word voor die aanvang van elke sportsoort gereël om aan alle leerders die geleentheid te gee om in ’n ligaspan opgeneem te word.

## Pom-poms
Die pom-poms tree tydens groot sportgeleenthede en feeste op en neem ook deel aan eksterne kompetisies.

# KULTUUR

Laerskool Randhart beskou kultuuraktiwiteite, net soos sport, as verlengstuk van die klaskamer. Redenaars, Bybelvasvra, Koor (juniors en seniors) en Algemene Kennis is volwaardige Super 12-aktiwiteite.

## Kultuuraande

Twee kultuuraande word jaarliks gehou om leerders die geleentheid te bied om hul talente ten toon te stel. Programme met 'n verskeidenheid hoogtepunte uit kunswedstryde en ander kultuurbyeenkomste word vir gehore aangebied. Die kore tree ook tydens hierdie geleenthede op.

## Kunswedstryd

Laerskool Randhart neem jaarliks aan die plaaslike kunswedstryd deel. Tydens die kunswedstryd word alle belangstellende leerders vir 'n verskeidenheid items ingeskryf. Die skool gee ook erkenning aan leerders wat verkies om privaat in te skryf.

## Revue

Wanneer bogenoemde aangebied word, is die doelwit om soveel as moontlik leerders die geleentheid te bied om hieraan deel te neem.

## Kore

Laerskool Randhart kan spog met twee kore, naamlik die Kiewiete (juniorkoor) en Randrefrein (seniorkoor). 'n Hoë standaard word gehandhaaf en die Kiewiete en Randrefrein vaar jaarliks uitstekend in die Super 12-kompetisie. Beide kore oefen weekliks en tree gereeld by skoolfunksies en ander geleenthede op. Al die kore neem ook jaarliks aan die kunswedstryd deel.

## Redenaars

Gedurende Januarie/Februarie word 'n redenaarskursus vir ouers vanaf graad 1 tot 7 aangebied. Nuwe en bestaande ouers word dan touwys gemaak in hierdie kuns. Gedurende Februarie neem redenaars deel aan ons interne graadkompetisie en daarna aan 'n prestige afdeling-kompetisie. Die leerders ding mee om wisseltrofeë. Leerders word jaarliks gekies om aan die ATKV-redenaarskompetisie deel te neem asook aan die Super 12-kompetisie.
Ons skool spog jaarliks met 'n span (vier gr. 7-leerders) wat deelneem aan die Super 12-kompetisie. Verskeie graadspanne neem ook aan die spanredenaarskompetisie en verskeie kunswedstryde deel.

## Bybelvasvra

Laerskool Randhart neem jaarliks deel aan die Nasionale Bybelvasvrakompetisie. Daar word ook op Super 12-vlak meegeding. Die skool het by meer as een geleentheid al gevorder tot by die landsfinaal en as wenners uit die stryd getree.

## Kunskompetisie

Daar word jaarliks deelgeneem aan die skolekuns-kompetisie. Uitstaande kunswerke van die leerders word in ons kunsgalery opgeneem.
Naskoolse kunsklasse word gedurende kwartaal 1 en 2 op Donderdae na skool aangebied vir gr. 1 tot 7-leerders wat talent toon en nie by die kore betrokke is nie.

## Spreekkoor

Drie spreekkore nl. gr. 1 – 3, gr. 4 – 5 en gr. 6 – 7 neem jaarliks aan die kunswedstryd deel.

## Algemene kennis

Leerders neem jaarliks aan die Super 12-kompetisie deel.

# KULTUUR

**Skaak**
Die skool beskik oor sterk skaakspelers wat die skool verteenwoordig in ligabyeenkomste, asook die Super 12-toernooi. Die seisoen word voorafgegaan deur interne kampioenskappe.

**Kunsklub**
Kunstige leerders wat graag uiting aan hulle kreatiewe sy wil gee, kan na uitdunne deel word van die kunsklub.

**Kunsfees**
Die skool bied jaarliks ‘n kunsuitstalling aan waar die heel beste kunswerke van die kunsklubleerders uitgestal word.

**Musiekskole**
‘n Musiekskool bied weeklikse privaatmusieklesse op ons terrein vir belangstellende leerders aan.

Swallow 15 bied ghitaar (akoesties en elektries), vokaal, sleutelbord, klavier asook dromme en bas in verskillende style bv. “pop, rock, blues, punk” en ”metal” aan.

**E-sport**
E-sport bied ’n unieke geleentheid aan leerders om hu vaardighede op digitale platforms te ontwikkel.

**Voortrekkers**
Die Voortrekkers ‘n eg Suid-Afrikaanse kultuurorganisasie wat streef daarna om lewensvaardighede by kinders te ontwikkel, sodat hulle as uitnemende en diensbare leiers betekenisvolle en positiewe bydrae kan lewer tot die land en die kontinent.

Die skool is bereid om op aanvraag en meriete ook ander kultuuraktiwiteite te oorweeg.

# TERREIN FASILITEITE EN DIENSTE

## Fasiliteite
Die skool beskik oor pragtige sportfasiliteite. Spreiligte op ons sportgronde bring mee dat sportbyeenkomste en ander funksies op Vrydagaande aangebied kan word. Alle sportsoorte word op die terrein beoefen.

## Die afdak
Hierdie groot onderdakruimte word nuttige aangewend vir netbaloefeninge, sommige LO-periodes asook sosiale funksies vir ouers en onderwysers.

## Snoepwinkel
Die snoepwinkel verskaf op ‘n daaglikse basis voor- en na skool asook pouses aan ons leerders gesonde kos en snoepgoed. Snoepiekaarte is in gebruik en kontant is ook welkom. Die koffiewinkel is baie gewild onder ons ouers.

## Klerebank
Skoolklere kan by ons klerebank in die administratiewe kantore aangekoop of geruil word.

## Naskoolsentrum
Die skool beskik oor ’n geprivatiseerde naskoolsentrum waar leerders onder toesig hulle huiswerk kan doen en aan naskoolse aktiwiteite deelneem. Toesig word na skool tot ongeveer 17:30 gehou. Verskeie ander sentrums is ook naby die skool beskikbaar.

## Sportkamer
Die skool beskik oor ‘n sportkamer wat van tyd tot tyd gebruik word vir die opwarming en motivering van verskeie sportspanne.

## Verkeershulp
Vir die veiligheid van leerders voorsien die skool ’n volledige skolierpatrolliediens met onderwysertoesig.

## Nuusbriewe
Nuusbriewe met belangrike inligting word gereeld elektronies uitgegee en ook op die webblad en D6 Connect geplaas.

## Voedingskema
Daar word pouses aan leerders, wat nie in staat is om kossies skool toe te bring nie, broodjies verskaf. Hierdie saak word met groot omsigtigheid hanteer.

## Huiswerkboek
’n Huiswerkboek word jaarliks aan leerders voorsien teen 'n minimale bedrag en moet ten alle tye in leerders se besit wees. Dit dien as kommunikasiemiddel tussen die skool en ouerhuise. Die skoolreëls en jaarprogram word breedvoerig hierin uiteengesit.

# TERREIN FASILITEITE EN DIENSTE

**Randhart Rakkertjies**
Ons eie pre-primêre skool is op Laerskool Randhart se terrein geleë. Voorkeur word verleen aan leerders wat in die volgende jaar skoolpligtig sal wees. Die skool beskik oor sy eie lokale, kleedkamers en speelterrein. Vir meer inligting kan hul webtuiste by randhartrakkers.co.za besoek word.

**Kommunikasie**
Die webwerf by randhartlaer.co.za bevat baie nuttige inligting vir ouers om nie net die jaar te beplan nie, maar ook om betrokke te wees. Toets- en eksamenroosters asook afbakenings, nuusbriewe en ‘n jaarprogram maak ons webwerf die ideale plek om ingelig te bly. Facebook en Twitter moet ook nie misgeloop word nie.

**RantiesLIVE**
Laerskool Randhart beskik oor sy eie produksiespan en toerusting om regstreekse uitsendings van skoolaktiwiteite op YouTube uit te saai. Ouers en familielede kan nou aktiwiteite volg al kan hulle nie self teenwoordig wees nie.

# SKOOLREËLS

## Skooldrag

### Seuns

**Somersdrag**
Verkieslik vanaf 1 September tot 30 April – ouers kan egter hul diskresie gebruik met die oorskakeling van seisoene. Grys kortbroek, blou kortmouhemp met skoolwapen op sak en grys kniekouse met rooi strepie. Donkerblou skooltrui met rooi strepie om hals, oortrektrui of sweetpakbaadjie indien nodig.

**Wintersdrag**
Verkieslik vanaf 1 Mei tot 31 Augustus – ouers kan egter hul diskresie gebruik met die oorskakeling van seisoene. Grys langbroek met swart belt (gewone silwer gespe), blou langmouhemp met wapen, skooldas en grys kouse. Donkerblou skooltrui, oortrektrui of sweetpakbaadjie. Geen gekleurde truie of windjakkers nie.

**Skoene**
Slegs swart toerygskoene, sonder dik sole. Kaalvoet is in die somer toelaatbaar.

**Hare**
Ten alle tye skoon en netjies. Hare mag nie gekleur, gebleik of permanent gegolf word nie.
Geen vreemde haarstyle wat onnodig aandag trek nie.

**Algemeen**
Seuns se naels moet skoon, kort en netjies wees.
Geen juwele of kettings nie. Slegs 'n horlosie en "SOS"-tekens is toelaatbaar.
Skoolklere moet heel, netjies, skoon en duidelik gemerk wees.

### Dogters

**Somersdrag**
Verkieslik vanaf 1 September tot 30 April – ouers kan egter hul diskresie gebruik met die oorskakeling van seisoene. Blou geruite rok met gordel en wit sokkies. Lengte van skoolrok: Tien sentimeter vanaf vloer, gemeet in knielende houding. Donkerblou skooltrui met rooi strepie om hals, oortrektrui of sweetpakbaadjie indien nodig. Kort, donkerblou "ski pants" is toelaatbaar – moenie uitsteek onder soom nie. Nie wit "secret socks" nie.

**Wintersdrag**
Verkieslik vanaf 1 Mei tot 31 Augustus – ouers kan egter hul diskresie gebruik met die oorskakeling van seisoene. Blou langmouhemp met skoolwapen en skooldas. Graad 1 tot 7 grys langbroek met swart belt (gewone silwer gespe). Grys kouse of sokkies. Donkerblou skooltrui, oortrektrui of sweetpakbaadjie. Geen gekleurde truie of windjakkers nie. Blou geruite rok met gordel en voorgeskrewe sykouse soos by leweransiers van ons skoolklere beskikbaar.

**Skoene**
Plat, swart gespe-skoene (bandjie oor brug), verkieslik sonder patrone, toerygskoene, geen dik sole nie. Kaalvoet is in die somer toelaatbaar.

**Hare**
Ten alle tye skoon en netjies. Sodra die hare oor die hempskraag hang of langer as die bo-punt van die skouer teen die nek is, moet dit vasgemaak word.
Hare mag nie gekleur, getint of permanent gegolf word nie. Geen vreemde haarstyle nie, bv. "stertjies" by kort hare word nie toegelaat nie. Lang kuiwe, wat

in die oë hang, is nie toelaatbaar nie. Slegs rooi, donkerblou of wit linte asook silwerkleurige en rooi of blou haarknippies mag in die hare gedra word.

**Naels**
Moet kort, netjies en skoon wees. Kleurlose naellak mag gebruik word.

**Juwele**
Slegs een seëlring is toelaatbaar. Geen ander juwele, hangertjies, kettings of armbande nie.
’n Horlosie en “SOS”-teken is toelaatbaar. Slegs een stel oorbelle mag gedra word, net “studs” sonder steentjies of klein ronde ringetjies sonder ’n “aanhangsel” daaraan.

**Algemeen**
Alle dogters se skoolklere moet netjies, heel, skoon en duidelik gemerk wees. Geen grimering word toegelaat nie. Geen tatoeëermerke, tydelik of permanent, word toegelaat nie.

Vir seuns en dogters:
**Geen versierings of ander wapens as die goedgekeurde balkies mag aan skoolklere gespeld word nie.
**Leerders mag op hul verjaardag gewone klere aantrek.

**Leweransiers**
Die leweransiers van Laerskool Randhart se skoolklere is Select Centre en Simply School.
Sportdrag: Bfree Clothing - Elaine Vermaak, 082 718 6206 (101 Van Bergenstraat, Brackenhurst)

**Sportdrag**
Somer
Leerders kan op LO-dag met sportdrag en kaalvoet of met voorgeskrewe wit seilskoene en wit- of voorgeskrewe sportkouse skool toe kom. Leerders kan ook ‘n sweetpak bo-oor sportdrag aantrek.

Winter
Leerders trek ‘n sweetpak bo-oor sportdrag aan met voorgeskrewe wit seilskoene en wit- of voorgeskrewe sportkouse. Die winterbaadjie kan ook gedra word.

**Tasse**
Geen gekleurde seil- of sportsakke mag vir die dra van boeke gebruik word nie. Alhoewel die skool geen amptelike skooltas voorskryf nie, is dit egter noodsaaklik dat die leerders ’n tas sal hê wat tablette, hand-/leesboeke en skrifte voldoende beskerm. Ouers word daarom aangemoedig om geskikte tasse aan te skaf. Klein tassies (plastiek) is slegs toelaatbaar tydens die jaareindeksamens. Sportsakke word slegs vir sport en sport gebruik.
Tasse en sporttoerusting moet gemerk word. Ouers moet die koste dra van mediaboeke wat verlore raak of erg verniel is. Tablette moet in ‘n versterkte omhulsel wees.

**Verlore goedere**
Tydens skoolure word alle verlore goedere (bv. kosblikke en klerasie) na die verlore houer gestuur. Hier kan dit opgeëis word. As klere na ’n tydperk nie opgeëis word nie, word dit in die klerebank opgeneem. Die skool neem geen verantwoordelikheid vir leerders se artikels wat by die skool verlore raak nie.

# SKOOLREËLS

**Speelgoed**
Geen speelgoed mag skool toe gebring word nie, tensy 'n leerkrag dit spesifiek versoek.
Dit sal afgeneem word, veilig bewaar word en aan die einde van die kwartaal aan die leerder terugbesorg word. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir speelgoed wat verlore raak nie.

**Skooltye**
Die skool begin stiptelik om 07:30. 'n Waarskuwingsklok lui om 07:25.
Graad 1 en 2-leerders verdaag om 13:10 en graad 3 tot 7-leerders om 13:45.

Aan die einde van die kwartaal sluit die skool om 11:00.
Indien leerders laat is, kan hulle slegs toegang tot die skoolterrein kry deur die hoofingang van die skool.

Indien 'n leerder vroeg afgehaal word, moet die ouer by die skool se administratiewe kantoor aanmeld en die leerder uitteken in die register wat vir hierdie doel by ontvangs beskikbaar is.
Indien 'n leerder weens 'n spesifieke rede eers later die dag by die skool sal opdaag, moet die skool geskakel word, sodat reëlings getref kan word vir die invul van die register.

Voor skool moet leerders hulle tasse by hul registerklas gaan neersit en afbeweeg na die speelterrein.

## Skooldissipline

**In die saal**
Leerders tree vir saalgeleenthede aan soos met die leerders gereël. Daarna word ordelik en in rye na die saal beweeg.
In die saal moet 'n gedissiplineerde atmosfeer heers en alles moet ordelik geskied.
Leerders moet netjies en regop staan wanneer die hoof en ander besoekers die saal binnekom en slegs gaan sit wanneer hulle meegedeel word om dit te doen.
Elke leerder moet beide volkslied en skoollied so gou as moontlik aanleer en ken.
Leerders moet stil sit, nie gesels, speel of mekaar se aandag aftrek nie. Daar moet aandagtig na aankondigings geluister word.
Die stoele aan die kante van die saal word slegs deur leerkragte en die leerlingraad gebruik.

**In die klaskamer**
Leerders moet sorg dat die banke ten alle tye netjies en skoon is. Geen bank of stoel mag bekrap of beskadig word nie.
Papiere en rommel word in die klas se vullismandjie gegooi.
Daar mag nie in die klas geëet word tensy 'n leerkrag spesiale toestemming verleen het nie.
Kougom word nie by die skool toegelaat nie.
Alle boeke moet ten alle tye netjies oorgetrek wees met 'n naam daarop.
Wanneer leerders die klas binnekom, gaan sit hulle onmiddellik en haal hul boeke uit, waarna die leerkrag sal voortgaan.
Wanneer die hoof, 'n ander leerkrag of 'n besoeker die klas binnekom, gaan leerders onverpoos voort met hul werk.
Boeke word slegs in opdrag van 'n leerkrag weggepak en geen wanordelikheid mag heers wanneer die skoolklok lui nie.
Wanneer die leerders die klas verlaat, moet hulle eers staan en seker maak dat hulle stoele en tafels netjies en in posisie is. Daarna word die leerkrag gegroet en verlaat die leerders die klas ordelik in 'n ry.
Geen leerder mag die klas verlaat sonder die leerkrag se toestemming nie.
Indien 'n leerder iets wil sê of vra, moet hy/sy hand opsteek. Geen uitroep sal

geduld word nie. Die skooldag word met ‘n gedagte vir die dag begin. Die einde van die skooldag word gepas afgesluit. Leerkragte word ten alle tye vriendelik gegroet.

**Algemeen**
Geen vandalisme, diefstal en opsetlike saakbeskadiging sal geduld word nie.
Leerders mag nie geld in hul tasse of penneblikkies bêre nie. Dit moet aan sy/haar persoon gehou of veilig gebêre word.

**Klaswisseling**
Niemand word toegelaat om op die stoepe te hardloop nie.
Orde moet tydens klaswisseling gehandhaaf word.
Geen rondlopery nie – leerders mag slegs in dringende gevalle die kleedkamers besoek.
Leerders moet ordelik in rye stap aan die linkerkant van die stoepe.
Leerders moet onmiddellik in die klas in stap en hul skryfbehoeftes en boeke uithaal.
Indien ’n leerkrag nie binne vyf minute opdaag nie, moet die klasleier, ’n departementshoof of adjunkhoof daarvan in kennis stel.

**Pouses**
Leerders se gedrag tydens pouses moet onberispelik wees. Geen bakleiery of ongedissiplineerdheid sal geduld word nie. Leerders mag ook nie items onder mekaar koop en/of verkoop nie.
Leerders moet die stoepe, parkeerarea, netbal- en tennisbane vermy. Geen spelery word op of onder die paviljoene toegelaat nie.
Leerders speel op spesifieke plekke op die terreine soos van tyd tot tyd deur die hoof en bestuur bepaal.
Geen leerder mag voor skool of gedurende pouse in ’n klaskamer wees nie, tensy onder toesig van ’n leerkrag.
Geen papiere of rommel mag rondgestrooi word nie en elke leerder moet verantwoordelikheid vir sy kosblik, trui, ens. aanvaar.
Leerders mag nie gedurende pouse die skoolterrein verlaat of met persone buite die hekke of draad gesprekke aanknoop nie.
Gesag van die leiers wat diens doen, moet aanvaar word.
Toebroodjies moet in ’n houer of plastiese sakkie uitgeneem word en mag nie op die stoepe geëet word nie. Geen koeldrank mag op die stoepe oopgemaak of gedrink word nie.
Leerders meld ongerymdhede aan by die personeellede aan diens.

**Kleedkamers**
Higiëne en netheid is van die uiterste belang. Elke leerder moet die kleedkamer skoon en netjies agterlaat na gebruik.
Juniorleerders besoek die kleedkamers in groepe soos die leerkrag bepaal.
Gedurende pouse moet die leerders die kleedkamers gebruik soos aan hulle toegewys.
Geen spelery of getalm word in die kleedkamers toegelaat nie.
Leiers moet toesig hou en dadelik die afwesigheid van toiletpapier, seep, ens. aan die betrokke leerkrag rapporteer, sowel as die swak gedrag van leerders wat die kleedkamers gebruik.

**Skolierpatrollie**
Gehoorsaamheid aan die skolierpatrollie is uiters belangrik.
Verkeersreëlings en sperstrepe moet deur alle leerders, ouers en leerkragte eerbiedig word om sodoende almal se veiligheid te verseker.
Leerders mag nie by die hekke saamdrom of by die skolierpatrollie staan en gesels nie.

# SKOOLREËLS

**Afwesigheid**
Indien 'n leerder afwesig was of vooraf weet dat hy/sy afwesig gaan wees, moet daar by terugkeer 'n brief van die ouers by die voogonderwyser inhandig word.
Indien 'n leerder meer as twee dae weens siekte afwesig was, moet 'n mediese sertifikaat ingehandig word.
Ander redes vir afwesigheid moet ten alle tye met die Departementshoof Opvoedkundige Leiding bespreek word en ook aan leerkragte oorgedra word.
Indien 'n leerder tydens 'n toets of eksamen afwesig is, moet die ouer die skool telefonies daarvan verwittig. 'n Mediese sertifikaat moet ook ingehandig word en skriftelike toestemming moet van die adjunkhoof (akademie) verkry word om die toets soos volg te skryf:

- Vrydagtoets op die daaropvolgende Maandag na skool.
- Maandagtoets op die daaropvolgende Donderdag na skool.
- 'n Leerder wat nie opdaag vir bg. dae nie, sal die toets skryf op die dag wat hy/sy terugkeer skool toe.

**Besoek aan die administratiewe blok**
Leerders mag slegs hierdie area besoek met die nodige toestemming van hul onderwyser/es. Hulle meld aan by die ontvangstoonbank waar die sekretaresses hulle van hulp sal wees.

**Gelde**
Laerskool Randhart wil graag 'n kontantvrye omgewing skep en daarom word ouers versoek om van Sticitt op die D6 Connect-toep gebruik te maak. Alle addisionele inbetalings kan hierop gedoen word en sodoende help u ons om 'n veiliger skoolomgewing te skep.
Skoolfondsbetalings kan met 'n debietorder, internetbetaling of op Sticitt gedoen word. Lees asseblief die gedeelte in sake skoolfonds deur.

**Algemeen**
Ouers mag nie leerkragte direk by klaskamers besoek nie. Alle afsprake moet deur die administratiewe kantoor geskied. In dringende gevalle sal ouers skriftelik gemagtig word om 'n opvoeder by sy klas te spreek.
Ouers word versoek om nie die administratiewe kantoor te belas met items wat leerders tuis vergeet het nie.
Leerders se dokters- en tandartsafsprake moet so ver moontlik na skoolure ingepas word. Indien die leerders wel gedurende skoolure 'n noodsaaklike afspraak het, moet die ouer dit vooraf met die hoof reël en die kind persoonlik by die administratiewe kantoor kom afhaal.
Geen leerder word toegelaat om tydens skoolure huis toe te loop of die terrein te verlaat nie.
Tref asseblief duidelike reëlings met u kind – onnodige oproepe en boodskappe vir leerders gedurende skooltyd bemoeilik die administratiewe personeel se taak.
Geen parkering word op die skoolterrein toegelaat nie.
Wees noukeurig met die lees van kennisgewings en nuusbriewe wat elektronies deur die skool uitgestuur word.
Die skool maak gebruik van 'n SMS- en D6 Connect toepassing om met ouers te kommunikeer. Data word aan die begin van die jaar ingelees. Stel die skool in kennis indien u inligting of nommer verander.
Die hoof en adjunkhoofde se deure staan oop indien u enige probleem persoonlik wil bespreek. Maak asseblief vooraf 'n afspraak.

**Terrein**
Alle skoolreëls geld sodra die skoolterrein betree word, hetsy 'n skoolfunksie of privaat.

**Verbode areas**
Leerders mag nie in die tuinbeddings speel, loop of daaroor spring nie.
Geen leerders word voor skool of tydens pouse op die stoepe toegelaat nie,

behalwe om hul tasse neer te sit.
Leerders mag nie die netbal- en tennisbane of krieketnette as algemene speelplek gebruik nie.
Geen leerder word in die voorportaal en personeelkamer toegelaat sonder toestemming nie.
Leerders mag nie om die administratiewe blok, asook die saal speel nie.
Die twee turfkrieketblaaie mag nie betree word nie, behalwe tydens wedstryde.
Dit is ook verbode om by die fietsloods, hokke vir sportsakke, die geplaveide wal en die grasperk voor klasse te speel.
Na skool word slegs die leerders verbonde aan die naskoolsentrum asook afrigters, ondersteuners en deelnemers aan buitemuurse aktiwiteite op die skoolterrein toegelaat.
Muurtjies, afdakke, bome en walle is verbode speelplekke.
Geen leerder word in die veeldoelige lokaal en skoolsaal toegelaat sonder toesig nie.

**Parkeerterrein**
Slegs leerkragte mag op die skoolterrein parkeer soos gereël.

**Fietsloods**
Fietse moet binne die skoolterrein gestoot word.
Fietse mag slegs in die fietsloods aan die oostekant gebêre word.
Elke fiets moet gesluit word met ’n stewige ketting en slot. Leerders aanvaar self verantwoordelikheid vir hul sleutels.
’n Gepeuter met fietse (bv. bande beskadig of afblaas) word ten strengste verbied.
Geen leerder mag by die fietsloods wees tensy hy besig is om sy fiets te bêre of oop te sluit nie.

**Buitemuurse aktiwiteite**
Buitemuurse aktiwiteite is ’n verlengstuk van die klaskamer, dra by tot die opvoeding van die leerder en vorm ’n integrale deel van die skoolaktiwiteite. Deelname hieraan word aanbeveel.

## Sport

**Algemeen**
Deelname aan een of meer sportsoorte en die ondersteuning van die spanne of leerders wat deelneem, word aangemoedig. Die regte gesindheid, entoesiasme, gehoorsaamheid en lojaliteit is baie belangrik. Indien ’n leerder a.g.v. ’n fisiese rede nie kan oefen of wedstryde speel nie, moet ’n brief van die ouer by die afrigter ingehandig word. Verskoning moet gemaak word indien ’n oefening nie bygewoon kan word nie.
Sport word direk na skool op Maandae, Dinsdae en Woensdae beoefen. Donderdagmiddae word vir kultuuraktiwiteite benut. Vrydagmiddae en Saterdagoggende kan sport beoefen word. Waardevolle artikels, tasse, sportsakke en geld kan by die afrigter vir bewaring ingehandig word.

**Sportdrag**
Oefening word in gewone oefendrag bygewoon, solank dit netjies en skoon is. Tydens wedstryde moet elke leerder die korrekte skoolsportdrag aanhê. Toerusting en ander klere word netjies in ’n sportsak gebêre. Ons sal dit waardeer as al ons sportleerders ’n skoolsweetpak aan het, veral as ons ander skole besoek.

**Ander aktiwiteite**
(Bv. koor, konserte, ens.)
Netjies en skoon gewone drag is by oefeninge toelaatbaar.
By optrede moet leerders die voorgeskrewe drag aanhê.
Oefeninge moet stiptelik nagekom en verskonings betyds aangeteken word, indien ’n oefening of optrede nie bygewoon kan word nie.
Tref duidelike reëlings vir die op- en aflaai van leerders. Leerders mag nie vir ure doelloos by die skool ronddrentel nie.
Randhartleerders se gedrag tydens optredes, konserte en ander soortgelyke aktiwiteite moet ten alle tye onberispelik wees.

# SKOOLREËLS

**Besoekende skole/gaste**
Daar moet ten alle tye hoflik teenoor gaste en leerders, ouers of leerkragte van besoekende skole opgetree word. Hulpvaardigheid en vriendelikheid teenoor alle besoekers is ons wagwoord.
Daar word absolute lojaliteit van ouers en leerders verwag. Dit beteken ons los ons probleme onderling op en praat uit een mond na buite.

**Selfone**
As gevolg van wanpraktyke in die verlede asook ter beskerming van leerders is die volgende voorwaardes vir leerders met selfone ononderhandelbaar.
Alle gebruiksmoontlikhede van selfone word tydens klastyd asook pouses totaal verbied.
Die maak en ontvang van oproepe asook SMS-boodskappe kan voor die aanvang van die skooldag (07:25) en na skoolsluiting (13:10 vir graad 1 en 2 en 13:45 vir graad 3 tot 7) hanteer word.

Die skool sal geen verantwoordelikheid aanvaar of betrokke raak wanneer selfone weg of beskadig raak nie.

By oortreding sal die selfoon afgeneem en in die kluis bewaar word tot aan die einde van die spesifieke kwartaal.

Leerders wat weens siekte, besering of enige ander noodgeval huis toe moet gaan, word deur die skoolkantoor hanteer. Die leerder word in die siekekamer opgeneem waarna die ouers deur die sekretaresse geskakel sal word. Geen leerder hoef dus ’n ouer te skakel nie.
’n Selfoonbeleid vir opvoeders bring mee dat die akademiese program op geen manier ontwrig kan word nie.

**Leesboek- en skrifbeleid**
Die volgende regulasies en reëls is van toepassing op leerders aan wie ’n leesboek uitgereik word:
Leerders moet met uitreiking hul name voor in die leesboek aanbring.
Leesboeke moet aan die begin van elke skooljaar met nuwe plastiek oorgetrek word (geen dc-fix nie).

Leesboeke moet ten alle tye in plastiese koeverte bewaar word.
Daar mag geen pen- of potloodmerke in leesboeke gemaak word nie. Dis ook ontoelaatbaar om potloodmerke te maak en dit dan uit te vee, aangesien dit die letterwerk en kleur verdof.
Verlore, verslete of beskadigde handboeke moet deur die ouer vervang word.
Geen oorplaaskaart sal aan leerders wat verhuis uitgereik word, indien leesboeke nie ingehandig is nie.

Neem ook kennis: Leerders van graad 1 – 7 is verplig om alle skrifte en portefeuljes aan die einde van die skooljaar in te handig a.g.v. modereringsprosesse.

**Ouerlike plig**

As ‘n verantwoordelike ouer sal ek...

- toesien dat my kind die skool gereeld bywoon en die skool betyds inlig indien my kind afwesig gaan wees;
- toesien dat my kind die skoolreëls gehoorsaam ingesluit die kleredragkode van Laerskool Randhart;
- toesien dat my kind alle volwassenes met die nodige respek behandel;
- onderwysers ondersteun deur my kind se huiswerk gereeld na te gaan en seker te maak dat hy/sy die korrekte skryfbehoeftes, skrifte, ens. het, ten einde te verseker dat kwaliteit onderrig in die klas kan plaasvind;

# SKOOLREËLS

- goeie morele waardes vir my kind aanleer, byvoorbeeld geen steel, geen lieg, geen bullebakkery nie.
- my kind leer dat elke reg gepaardgaan met 'n verantwoordelikheid, bv. die reg tot onderwys in 'n klaskamer, maar die verantwoordelikheid om nie die klas te ontwrig ten koste van ander leerders nie;
- skoolfunksies en ouervergaderings bywoon;
- alle korrespondensie van die skool lees en indien nodig, afskeurstrokies voltooi en terugstuur skool toe;
- volledige inligting inwin ten opsigte van insidente alvorens ek daarop reageer;

ten alle tye 'n goeie voorbeeld vir my kind en 'n trotse ouer van Laerskool Randhart wees.

**Tabletbeleid**

Alle gr. 4 tot 7-leerders gebruik tablette in die klaskamer en het toegang tot hul handboeke op die tablet. Onderwysers is in staat om bykomende onderrigmateriaal op leerders se tablette by te voeg. Laerskool Randhart streef daarna om leerders van die 21ste eeu voor te berei op voortdurende tegnologiese veranderinge. Die volledige tabletbeleid, wat in detail die werkswyse asook reëls rondom die gebruik beskryf, is op die webwerf beskikbaar.

Neem egter kennis van 'n paar belangrike punte:

- Ouers is self verantwoordelik vir die aankoop van die tablet asook elektroniese handboeke.
- Die skool bied egter die tegniese ondersteuning.
- Met die aankoop van die tablet moet ouers seker maak dat die tablet aan minimum spesifikasies voldoen.

Minimum spesifikasie is soos volg:

Tabletgebruik is verpligtend. Onder buitengewone omstandighede mag ouers self handboeke aanskaf, maar verkryging en onkostes daarvan asook die onkostes vir addisionele hulpbronne (wat op tablette gelaai word) is vir ouers se eie onkoste.

Gedurende skoolure mag die tablet slegs vir opvoedkundige doeleindes aangewend word.
Ouers dra self die verantwoordelikheid om hulle kinders se tablette te verseker teen skade of diefstal.

Bogenoemde is slegs 'n beknopte weergawe van tabletgebruik op Laerskool Randhart se terrein. Ouers sal versoek word om die tabletbeleid, wat ook op die skool se webwerf beskikbaar is, te onderteken en moet hulself vergewis van die inhoud.

# BEHEERLIGGAAM

Ouers word aangemoedig om, wanneer hulle dit nodig ag, enige saak wat die skool raak onder die aandag van die hoof en die beheerliggaam te bring. 'n Beheerliggaam word kragtens die wet en volgens bepaalde voorskrifte elke drie jaar verkies. Dit word deur die distrikkantoor hanteer.

**Portefeuljes**
Lede van die huidige beheerliggaam kan op die skool se webblad besigtig word. U as ouer is welkom om hierdie lede te kontak, indien u voorstelle wil maak of 'n probleem wil bespreek.

**Finansiële komitee**
Die komitee word uit lede van die beheerliggaam en bestuur van die skool saamgestel. 'n Lid van die beheerliggaam tree as voorsitter van die finansiële komitee op.

**Ander komitees**
Elke lid van die beheerliggaam is verantwoordelik vir 'n portefeulje waarvan hy/sy die voorsitter is. Ouers wat graag 'n inset wil lewer, kan direk met die betrokke beheerliggaamslid skakel.

**Inligtingsaande**
Aangesien die beheerliggaam die ouers van die skool verteenwoordig, word daar gereeld geleenthede vir kommunikasie geskep. Inligtingsaande word van tyd tot tyd gehou om ouers op hoogte van werksaamhede te hou. Gedurende Oktobermaand moet die ouers die begroting vir die nuwe finansiële jaar op 'n algemene ouervergadering goedkeur.

**Ondersteunersklub**
Die Randhart Ondersteunersklub is ‘n nie-winsgewende maatskappy wat ontstaan het uit die Rantie-ouergeledere. Fondse wat ingesamel word, word uitsluitlik aangewend tot voordeel van die skool en die leerders. Ouers word hartlik uitgenooi om deel van hierdie klub te word.